FAMNEA

Nuusbrief van die Genealogie Genootskap van SA - Noordwes

● Desember 2004 - Jaargang 1 - Uitgawe 2 ●

BESTUURSLEDE

Simon du Plooy
082 800-8372
sjduplooy@mweb.co.za

Krause van der Walt
082 788-5910
krause@pmiller.co.za

Jaco Potgieter
083 586-4059
bubu@lantic.net

Geert Lampen
082 775-8451
lampen2@lantic.net

Pieter & Kathleen de Beer
082 952-0205
sktkedb@puk.ac.za

Louw van Deventer
084 511-1481
louwmien@lantic.net

Wat gebeur in 2005:

Die jaar 2004 is bykans geskiedenis en waar sommige GGSA–Noordweslede 'n jaar gelede skaars bewus was van 'n organisasie van dié aard, het ons nou 'n gevestigde tak met 28 lede wat hulle ledegeld by Krause betaal het – 4 takbyeenkomste agter die rug en hopelik meer kennis as verlede jaar die tyd! Kom ons kyk eerder wat word gereël vir 2005:

7 Februarie:
Die jaar gaan begin met 'n praatjie deur Mnr. Fred Brownell, afgetrede staatsheraldikus, oor heraldiek in die algemeen en familiewapens in besonder.
Hier is almal se kans om jou familiewapen te gaan opeis (dit is te sê as jou familie een besit)!

7 Maart:
'n Aanbieding deur Barend Venter oor genealogiese sagteware (-programme). Barend het 'n uitstekende kennis oor die onderwerp en verskillende programme sal deur hom ontleed word om ons te help om "die regte" aan te skaf. Diegene wat nog nie rekenaars het nie MOET kom luister – die kennis mag dalk later handig te pas kom.

7/14 Mei:
Aangesien Maandag 2 Mei 'n openbare vakansiedag is, is daar dié dag nie 'n byeenkoms nie en word daar gepoog om 'n besoek te reël aan óf die Argief in Pretoria óf die LDS-sentrum in Johannesburg - om sodoende eerstehandse kennis van die binnewerk van die instansies te verkry.

4 April:
Genealogie – iets anders**.** Dit is

(vervolg op bladsy 2)

Ons Gasteboek

Die Noordwestak het nie net afgeskop met 'n baie relevante program nie – ons het ook gesprekleiers van formaat hier ontvang, by wie ons baie kon leer. Van ons baie spesiale gaste het ná hul besoek aan ons tak die volgende gawe skrywes gestuur:

Van Isabel Groesbeek, beroepsgenealoog (en na dese goeie vriendin!) van Pretoria:

Beste Simon en GGSA-Noordwestakbestuur en -lede

OPTREDE BY GGSA-NOORDWESTAKBYEENKOMS OP MAANDAG 6.09.2004

Hiermee wil ek net weer my opregte dank betuig vir die uitnodiging om as gasspreker by jul Septemberbyeenkoms op te tree. Dit is en bly vir my 'n voorreg om genealogiese onderwerpe met ander te deel. Baie dankie vir jul hartlike ontvangs, by Café Burgundy's, asook by die

(vervolg op bladsy 2)

Uitleg en versorging deur *Indruk Gerekenariseerde Publisering & Digitale Buro,* Potchefstroom.
082 952-0205 e-pos: indruk@mweb.co.za

Ons Gasteboek

(vervolg van bladsy 1)
Ouditorium. Dit was ook spesiaal om weer ou genealogievriende te sien, gesigte by name te kon voeg en nuwe genealogiese vriende te ontmoet.

Sterkte vir jul verdere beplanning en takaktiwiteite.

Met vriendelike groete
Isabel Groesbeek (née Bekker)
Isabel Groesbeek Genealogiese Dienste/Genealogical Services

En dit was nie ál nie: Isabel het ook namens die Noord-Transvaaltak dankie gesê:

Beste Simon en GGSA-Noordwesbestuur en -lede

Hiermee ons tak se opregte dank vir die skenking van 'n kopie van *Alexanderpark Ou Begraafplaas, Potchefstroom* vir GGSA: Noord-Transvaaltak se biblioteekversameling.

Dié kopie sal ook nou 'n tuiste vind by die Voortrekkermonument se Navorsingsentrum waar die GGSA Nasionaal se Peter Holden-versameling en digitale bronne, asook die GGSA: Noord-Transvaaltak se biblioteekversameling volgens bruikleenooreenkoms vanaf einde September 2004 gehuisves gaan word. GGSA-lede sal met die toon van 'n lidmaatskapkaartjie by die hek, asook by die Navorsingsentrum, gratis toegang gedurende weeksdae, asook een uur voor die GGSA: Noord-Transvaaltak se maandelikse takbyeenkomste by die Voortrekkermonument se Kunsgalery tot die versameling ontvang.

Met vriendelike groete
Isabel Groesbeek
Voorsitter: GGSA: Noord-Transvaaltak

Wat gebeur in 2005:

(vervolg van bladsy 1)
omtrent al wat ons gasspreker Herman Labuschagne van Johannesburg wil verklap. Simon ontvang heelwat korrespondensie van Herman en hierdie praatjie is 'n MOET.

16 April:
Wes–Gautengtak bring besoek aan Potch en prof. Gert van den Bergh het reeds ingewillig om as toergids op te tree en die (genealogiese) besienswaardighede op Potchefstroom uit te wys. Ons geleentheid om iets oor die stad en sy omgewing wys te word en andere met dieselfde belangstelling te ontmoet.

6 Junie: Boeke as bron van genealogiese inligting. Weer 'n geleentheid om ons kennis van waar om te gaan soek, op te dateer. Lede wat boeke besit word versoek om met Simon te koördineer (om duplisering te vermy) en boeke saam te bring vir kennisname deur ander. Mens staan soms verbaas oor hoeveel inligting onder jou neus in die rakke staan en wag. Lede se eie werk – al is dit nog "rofwerk" – is meer as welkom.

Julie:
Geen byeenkoms.

1 Augustus:
Die oorsprong en ontwikkeling van name en vanne.

5 September:
Die druk van 'n boek/kopiereg op intellektuele eiendom. Johan Vermeulen van Klerksdorp kom deel ons mee welke slaggate om te verwag met die publikasie van 'n boek. Ons wil dit koppel aan inligting oor die moets en moenies van kopiereg.

?? September:
Moontlike Aardklopaanbieding.

3 Oktober:
Nog argivale bronne, naamlik VOC-dokumente, opgaafrolle, wildschuttenboeke en moontlik ook die uitbreiding van gemeentes, distrikte en provinsies (/state) om ons soekmoontlikhede uit te brei.

2 November:
Afsluiting met webwerwe en internet.

Bostaande reelings mag verander na gelang van gesprekleiers se omstandighede.
Die beoogde onderwerpe vanaf Augustus tot November moet nog bevestig word met gesprekleiers.

Lief & leed

Dries Coetsee van Rustenburg word toegewens 'n vinnige herstel na sy onverwagte operasie - ons sien uit om Dries gou weer in ons midde te sien.

Johan Vermeulen verdien gelukwense met die beoogde vrystelling van sy Vermeulen-stamregister. Jare se werk wat uiteindelik kulmineer. Bring saam sodat ons kan sien, asseblief Johan!

Rieks van der Walt, wat as die voorsitter(-ster) van Potch se Stigting Simon van der Stel aangewys is: Daar is 'n baie nou band tussen bewaring en genealogie en ons is trots om haar met haar kennis in ons midde te hê - dit is wat mens noem "WAARDE TOEGEVOEG". Baie geluk en sterkte met 'n onbenydenswaardige taak!

Lede word versoek om hoogtepunte, soos nuwe inskrywings in afstammingstabelle (lees "kleinkinders") en laagtepunte, soos gekanselleerde verlof wat jou verhinder om navorsing te doen, onder Pieter se aandag te bring.

Uitleg en versorging deur *Indruk Gerekenariseerde Publisering & Digitale Buro,* Potchefstroom.
082 952-0205 e-pos: indruk@mweb.co.za

Ons Gasteboek

(vervolg van bladsy 2)

Ons het ook ná ons eerste byeenkoms van genl. Daan Hamman, hoofbestuurslid van die GGSA, die volgende mosie van vertroue per e-pos ontvang:

Beste Simon,

Dit was 'n plesier gewees om saam met julle byeen te kom. Dit is ook vir my duidelik dat *Noordwes* al die potensiaal het om 'n uitblinktak te word - ek het ook so aan Martin genoem. Julle het 'n klomp baie oulike en entoesiastiese lede. Getalle is nie noodwendig 'n maatstaf van 'n tak se prestasies nie, dit is wat die lede baat en terugploeg wat belangrik is.

Groete,

Daan Hamman

Van Dennis Pretorius, beroepsnavorser van Krugersdorp, is ook 'n positiewe e-pos ontvang wat sê dat ons 'n positiewe groep met baie dinamiek is - wat nog veel gaan vermag... Baie dankie, Dennis!

Q.O.T.D.

"Familiegeskiedenis is soos goeie wyn, hoe ouer dit word hoe groter is die aanvraag daarvoor."

JF Kirsten
Ongepubliseerde manuskrip

Komdt. A.H. Potgieter en Buffelshoek No. 10 (tans 325JQ), dist. Rustenburg

Artikel ingestuur deur A.J. (Dries) Coetsee, GGSA Noordwestak

Rex (1971:91-94) meld dat dr. Breutz in sy publikasie "The Tribes of Rustenburg and Pilansberg Districts", beweer dat komdt. A.H. Potgieter die eerste Voortrekker was wat in die Rustenburg-distrik in die omgewing van Phokeng (Magatostat) gaan woon het en so vroeg as 1839 al in Rustenburg woonagtig was.

Volgens Coetzee,1997: 77-85 bevat RAK 2433 (Registrateur van Aktes — ter insae in die Transvaalse Argief, Pretoria) besonderhede van 407 plase wat deur Andries Hendrik Potgieter aan lede van sy trekgeselskap toegeken is. Daarvolgens is die plaas *Buffelshoek* (No. 364 op die lys) aan A.H. Potgieter toegeken, asook die aangrensende plaas, Magatashoek, met die opmerking "Hoofd Kommandant" daarby.

Buffelshoek is aan die suidelike hang van die Magaliesberg geleë, met 'n uitsig op die hoëveld na Koster en Derby se kant toe. Ons beskik oor "*'n Ware Copie*" van die oorspronklike *"Raport van Inspectie van plaatsen door P.J. Fourie Veldcornet en M. Redelinghuize en J. Breet gelegen aan Magaliesberg geinspecteerd in de maand April 1843.* Die eienaar word daarop aangedui as *A.H. Potgieter* en die plaas as *Buffelshoek.* Hierdie inspeksie rapport het in 1952 weer in familiebesit gekom nadat 'n Mej. Nix van 71 Crombey Street, Swindon, Wiltshire, Engeland dit geërf het van 'n *maternal grandfather … to whom it was given as part payment of a gambling debt.* Die dokument bevat besonder interessante gegewens betreffende die ligging van grensbakens.

Dr. H.M. Rex skryf op 10 Oktober 1958 in die *Rustenburg Herout:*

> Buffelshoek no.10 was vir enkele jare die woonplaas van kommandant Andries Hendrik Potgieter. Dit is 'n minder bekende feit dat Potgieter se derde vrou, weduwee Bronkhorst, geb. Van der Merwe, in die Voortrekker-kerkhoffie aldaar begrawe lê (*moet wees 2e vrou — skrywer*) en dat Potgieter op Buffelshoek, en nie in die omgewing van Potchefstroom nie, woonagtig was toe die trek in 1845 onder sy leiding vanuit Potchefstroom en Magaliesburg na Ohrigstad plaasgevind het.

In 'n later publikasie (Rex,1971:136-137) wysig Rex sy siening en meld hy dat dit E.H. Botha is wat *op Buffelshoek no. 10, aan die suidelike hange van die Magaliesberg,* begrawe is. Haar volle name is Elizabeth Helena Botha. Sy is op 27 Januarie 1795 gedoop en is op12 Julie 1812 met komdt. A.H. Potgieter getroud. Op 7 Mei 1841, enkele ure ná die geboorte van haar dogter, Dorothea - hulle dertiende kind, is sy oorlede. Dorothea het oorleef en is op 2 September 1857 met Nicolaas Hendrik Johannes Frederik van Heerden getroud (vgl. Rex, 1971:137). Die vraag ontstaan: Wanneer was Rex reg gewees — in 1958, toe hy gesê het dat dit weduwee Bronkhorst was — of in 1971, toe hy gesê het dat dit Elizabeth Helena Botha was wat op Buffelshoek begrawe is? Ek glo dat albei sy stellings korrek is en ek verduidelik dit soos volg:

Volgens die Potgieter-geskiedenis, opgeteken in die Tuisblad van Eric Swardt, 1999 (www.geocities.com) sterf Hendrik se eerste vrou, Elizabeth Botha op 7 Mei 1841 in Potchefstroom, ná die geboorte van Dorothea. Hendrik trou dieselfde jaar met weduwee Bronkhorst. Gebore van der Merwe. Volgens oorlewering sterf sy by geboorte van haar eerste dogter by Hendrik. Die dogter is ook met die geboorte oorlede — aldus Eric Swardt.

C.C. de Villiers, aangehaal deur Coetzee (1977:41), vermeld die geboorte van nóg 'n dogter ná Dorothea met die opmerking dat moeder en kind tydens die geboorte gesterf het. In alle waarskynlikheid is dit weduwee Bronkhorst wat tydens die geboorte van haar dogtertjie gesterf het, aangesien Elizabeth Helena Botha reeds op 7 Mei 1841 oorlede is. Die datum van hierdie gebeure moet dus tussen 1842 of baie vroeg in 1843 gewees het, want in 1843 was Potgieter reeds weer met weduwee Catharina Elizabeth Jacobs (geb. Erasmus) getroud –

(vervolg op bladsy 4)

Uitleg en versorging deur *Indruk Gerekenariseerde Publisering & Digitale Buro,* Potchefstroom.
082 952-0205 e-pos: indruk@mweb.co.za

Ken ons lede



A.J. (Dries) Coetsee

Hy het groot geword op die plaas *Turfbult* in die Marico distrik, 67 km noord van Zeerust, geleë in 'n gebied bekend as die Marico Bosveld.
Matrikuleer in 1949 aan die Hoërskool Zeerust en verwerf in 1952 die B Com-graad aan die PU vir CHO en in 1953 die THOD aan die POK. Gee onderwys vanaf Januarie 1954 tot Desember 1957 — die laaste 3 jaar aan die Hoërskool Rustenburg, waar hy met Marie Kruger in die huwelik tree. Hulle het 4 seuns en 2 dogters.
Hy word ingeskrewe rekenmeesters- en ouditeursklerk by geoktrooieerde rekenmeesters op Rustenburg. By verstryking van sy leerkontrak in Desember 1961 verwerf hy die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde aan Unisa. Vanaf 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1963 is hy senior ouditklerk by Taylor en Geerling in Pretoria.
Werk vanaf 1 April 1963 tot 31 Mei 1968 by Wolnit Korporasie Beperk, Technikon, Roodepoort — eers as sekretaris en vanaf Januarie 1967 as besturende direkteur van Golden Florin Textile Manufacturing Company (Pty) Ltd. en Florett Hosiery Manufacturing Co. (Pty) Ltd., maatskappye van die destydse Wolnit-groep.
Aanvaar in Junie 1968 op uitnodiging 'n pos as hoofsekretaris by die MKTV in Rustenburg, waar hy voorheen oudits gedoen het. Word in 1971 administratiewe bestuurder en beklee die pos tot 31 Maart 1976, waarna hy adjunk-hoofbestuurder: finansies en administrasie word by Vetsak op Isando. Aanvaar aan die einde van 1977 die pos van Bestuurder: Besproeiing, met die versoek om die afdeling winsgewend te maak — op daardie stadium die enigste van 4 afdelings wat sedert die ontstaan daarvan, 5 jaar tevore, nooit enige wins gemaak het nie. Met die seën van Bo en die samewerking van 'n personeel word die afdeling vanaf 1978 winsgewend en lewer dit in 1981 die grootste afdelingsbydrae tot die maatskappy se winste.

Begin gedurende die droogte van 1991/92 met navorsing van die geskiedenis van sy tak van die Coetsee-familie —'n studie wat oor 9 jaar sou strek weens gebrek aan genealogiese kundigheid en vanweë die eise van 'n voltydse boerdery. Toe die boekie uiteindelik op 9 Mei 2001 gepubliseer is, het dit nie in alle opsigte aan die erkende genealogiese aanbiedingswyse voldoen nie, maar van een ding was hy seker — dat hy daarin geslaag het om 'n volledige en korrekte weergawe van die betrokke voor- en nageslag weer te gee, tesame met 'n volledige kwartierstaat, asook belangrike momente uit die lewe van sy vader en met volledige lewensbesonderhede van elke broer en suster en van hulle kinders en kleinkinders - met toepaslike foto's by elkeen.
Tans probeer hy vasstel wat van die nageslag geword het van Stephanus Jacobus Kruger se kinders wat saam met hom vanaf Colesberg na Buffelshoek toe gekom het in ongeveer 1849. Dit behels 4 tot 5 nageslagte van ongeveer 10 voorouers. Voorwaar 'n formidabele taak - en nog steeds op 'n deeltydse basis - vanweë volledige betrokkenheid by die boerdery.

Onthou weer om elke eerste Maandagaand nou alreeds in jou dagboek te bespreek!

Komdt. A.H. Potgieter en Buffelshoek No. 10 (tans 325JQ), dist. Rustenburg

(vervolg van bladsy 3)

en sy eerste kind by haar, Daniël Elardus Potgieter, is op 5 Januarie 1844 gebore.

Volgens bovermelde feite is beide Elizabeth Helena Botha en weduwee Bronkhorst (geb. Van der Merwe), asook haar babadogtertjie wat tydens die geboorte oorlede is, op Buffelshoek begrawe. In 1958, lank voordat ek in hierdie geskiedenis belang gestel het, het mnr. Jan Harm du Plessis, 'n lewenslange inwoner op Buffelshoek, by geleentheid aan my gesê dat twee van Potgieter se vrouens in die begraafplaas begrawe is. Ek het eers weer aan sy opmerking gedink nadat ek uit al die gegewens tot bovermelde gevolgtrekking gekom het.

Potgieter het waarskynlik nie op Potchefstroom, destyds die enigste dorp, gewoon nie. Rustenburg het eers in 1850 ontstaan en was dus tot en met Potgieter se vertrek na Ohrigstad in 1845 nooit ter sprake nie. Vra vir iemand waar hy vandaan kom en hy sal gewoonlik die naam van sy naaste dorp noem. So sal my antwoord "Rustenburg" wees, al woon ek 25 km van die dorp af en so sou Potgieter se antwoord "Potchefstroom" gewees het.

Ek kan nie nalaat om die volgende te noem nie. In die Huisgenoot van April 1920 skryf A.J. van der Walt dat albei Potgieter se seuns (self reeds gevorderd in jare) van mening was dat hulle vader minstens 70 tot 75 jaar oud moes gewees het toe hy op 16 Desember 1852 oorlede is. In werklikheid was dit 3 dae vóór sy 60e verjaarsdag!

Bronne aangehaal:

REX, H. 1971. Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico) vanaf die predikantskap van ds. Daniël Lindley (1840 - 1844) tot dié van ds. Samuel Young (1947 - 1971). Pretoria : Die N.H.W.- Pers.

COETZEE, N.A. 1997. Die Geskiedenis van Rustenburg ongeveer van 1840 tot 1940. Pretoria : V & R Drukkery.

Uitleg en versorging deur *Indruk Gerekenariseerde Publisering & Digitale Buro,* Potchefstroom.
082 952-0205 e-pos: indruk@mweb.co.za